# SONDAGSKOOL LES - **God is Goed**

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor die goedheid van God.

**Ysbreker:**

- **Dinkskrum:** Elke groep kry 5 minute om soveel as moontlik woorde neer te skryf wat min of meer dieselfde betekenis het as goed en goedheid.

Kry terugvoering.

Vandag gaan ons na die goedheid van God kyk. Ons gaan ook kyk of ons as mens in goedheid kan vergelyk.

**Groepwerk:**

Lees Psalm 145 in groep.

Vrae in groep:

1. Wie kan volgens vers 3 God se goedheid verstaan? (Niemand nie, want dis ondeurgrondelik)
2. Volgens vers 7, wat behoort ons te doen omdat God so goed is? (Jubel, so ons moet bly wees)
3. Volgens vers 10, wat doen alles wat God maak? (Prys Hom)
4. Waar is God vir almal wat Hom aanroep volgens vers 18? (Hy is naby)
5. Wat doen God vir almal wat Hom vrees volgens vers 19? (Hy vervul hulle wense, sou dit binne Sy wil wees, hoor hulle hulpgeroep aan en red hulle)
6. Wat doen God vir die wat Hom liefhet volgens vers 20? (Hy bewaar hulle)

Kry terugvoering van groepe.

**Illustrasie:**

Sit drie bordjies neer op tafel met drie verskillende sjokolades op. Kry drie vrywilligers.

- Eerste een kom en sny eerste sjokolade oop. Dit is 'n soliede stuk sjokolade. Sê: Hierdie stuk sjokolade is solied. As mens na hom kyk, dan kan jy dink aan God en Sy goedheid. Hy is regdeur goed, nes hierdie stuk sjokolade.
- Tweede vrywilliger kom en sny volgende stuk sjokolade oop. Dit is 'n stuk sjokolade wat sjokolade aan die buitekant is, maar neute aan die binnekant. Sê: Die sjokolade aan die

buitekant met neute aan die binnekant, is baie soos ons. Ons het biejtie “chocolately goodness” op ons, maar ons is nie nastenby suiwer goed nie.

- Kry derde vrywilliger om laaste stuk sjokolade oop te sny. Dis nie solied sjokolade nie, maar hol aan die binnekant. Sê: Dan het mens ook in die lewe mense wat goed lyk aan die binnekant, maar hulle is leeg binne waar dit werklik saak maak.

Vrae in groep:

1. Wat het jy vandag geleer van God se goedheid?
2. Hoe kan jy deel met ander wat jy vandag geleer het?

Kry terugvoering.

God is goed en liefdevol. As gevolg van al die goedheid van God, behoort ons hom elke dag te loof en prys. Sonder God sal daar niks goeds in die wêreld wees nie. Neem ‘n tydjie elke dag om rondom jou te kyk en God te eer vir al die goed wat jy sien. Hoe meer jy dit doen, hoe meer sal jy sien hoe God ons elke dag sëen en voorsien.

Sluit af in groepe met gebed.